# H O O F S T U K III.

## ONDERWYS IN WOLMARANSSTAD ONDER MANSVELT: 1892 - 1899.

### 1. Wysiging van die Onderwyswet van 1882.

#### a. Mansvelt as Superintendent.

Dr. N. Mansvelt is in November 1891 aangestel as Superintendent van Onderwys in die plek van ds. S.J. du Toit, nadat die heer H. Stiemens as sodanig waargeneem het vanaf 1888 tot 1891[1]. Die politieke toestand in die Republiek was glad nie so gunstig nie, en die leisels op onderwysgebied is vir die voorafgaande aantal jare nie met 'n vaste hand gehou nie. Deur die maklike wyse waarop subsidie uitbetaal is, het bedrog al baie gou 'n aanmerklike omvang aangeneem. As gevolg van die verswakte dissipline van die Departement van Onderwys het die openbare mening in 'n rigting ontwikkel wat later vir 'n strenge superintendent nog baie moeilikheid sou oplewer[2].

Mansvelt het met groot en kragdadige inspanning dadelik aan die werk gespring om die hele administrasie te reorganiseer ten einde dit doeltreffender te laat funksioneer. Hy het ten tyde van sy aanstelling opdrag ontvang om 'n wet ter wysiging van die Wet van 1882 op te stel waardeur die euwels van genoemde Wet uitgeskakel kon word. Hy het met betrekking tot beheer, godsdiens en taal bly voortwerk volgens die bestaande Wet, maar hy het deur 'n verbeterde departementele organisasie die nuwe Wet uitgevoer en die onderwys uiteindelik tot 'n hoë mate van bloei gebring[3].

---

1. Malherbe: Education in South Africa, 267.
   Lugtenburg: Geskiedenis van onderwys in die Z.A.R., 174.
2. Ibid., 175.
3. Coetzee: Onderwys in Transvaal 1838 - 1937, 64.

b. Bepalings van die Mansvelt-wet van 1892.

Die belangrikste punte met die oog op plaaslike onderwys het bestaan uit die volgende:

(1) 'n Nuwe stelsel van subsidie.

Die nuwe bepaling in verband met die toekenning van subsidie kon as stremmend vir die onderwys beskou word, maar dit het tog uiteindelik goeie vrugte afgewerp. Geen subsidie sou gegee word aan nuutopgerigte en oortollige skole nie. Verder word die subsidie uitbetaal in verhouding tot die bedrag wat verkry word deur skoolgelde en vrywillige bydraes, nl. £5 vir elke £2, met 'n maksimum van 25/- per leerling vir laer en 35/- per leerling vir middelbare onderwys. Daar sou geen buitengewone toelae meer wees vir gratis leerlinge nie. Die toelae is driemaandeliks uitbetaalbaar op ontvangs van die skoolstate, absensielyste en inspekteursverslae. Daar sou geen uitbetaling van toelae geskied nie, tensy die Superintendent die skikkinge van die skoolkommissies omtrent die onderwyser, die skoolgebou ens. goedgekeur het[1].

(2) 'n Nuwe stelsel van skoolbestuur.

Skoolkommissies sou bestaan uit drie tot vyf lede, wat gekies word deur al die vaders van die huisgesinne wat binne redelike afstand van die skool woon, en ook alle mans wat 'n bydrae vir die skoolfonds gee. Onderwysers kon weer sekretaris van die skoolkommissie wees maar nie lid nie. Die kommissies sorg vir die geboue, meubels en toebehore en stel die onderwysers onder goedkeuring van die Superintendent aan[2].

---

1. Coetzee: Onderwys in Transvaal 1838 - 1937, 60.
2. Idem.

(3) Verhoging van vereiste kwalifikasie van onderwysers.

Slegs behoorlik gesertifiseerde onderwysers sou aan dorpskole aangestel word. Voordat subsidie aan 'n skool uitbetaal word, moes 'n sertifikaat van bevoegdheid en lidmaatskap van 'n Protestants-Christelike kerk ingedien word. Kwekelinge moes in besit wees van die sertifikaat van die Skoolwedstrydeksamen[1].

(4) Samestelling van die Skoolgids en lys van handboeke.

'n Doelmatige boekie, die "Schoolgids", is deur die Onderwysadministrasie uitgegee ter voorligting in verband met roetinesake. Inspekteurs, onderwysers en skoolkommissies het noukeurige instruksies ontvang met betrekking tot uitbetaling van subsidies, invulling van state en registers, stigting van nuwe skole ens.[2]. 'n Lys van geskikte handboeke is opgestel om te dien as voorligting by keuse en bestelling van boeke.

c. Invloed op die onderwys in Wolmaransstad.

Die invloed van die nuwe wetgewing het hom al gou in die Wolmaransstadse distrik laat geld. Die nuwe stelsel van subsidie het vorige wanpraktyke uitgeskakel, en die skoolkommissies het oral groter verantwoordelikheid teenoor hulle skole geopenbaar.

Oor die bekwaamheid van onderwysers is deur die inspekteurs gerapporteer en geen skool is erken voordat die onderwyser bewys van bevoegdheid kon lewer nie. Die heer Hesse, hoof van die dorpskool, het klasse gegee aan die persone wat hulle vir die onderwys wou bekwaam. Die groter inspektoraat was in staat om die skole meer gereeld te besoek, en met

1. Coetzee: Onderwys in Transvaal 1838 - 1937, 61.
2. Bot: Honderd jaar onderwys in Transvaal, 34 - 35.

die nodige leiding kon die peil van die onderwys aansienlik verhoog word.

2. Geleidelike uitbreiding van die onderwys, 1892 - 1896.

Hoewel die Onderwyswet van 1892 'n stimulerende invloed op die ontwikkeling van die onderwys gehad het, tog het die ontstaan van nuwe skole in Wolmaransstad gedurende die eerste aantal jare onder Mansvelt as Superintendent slegs baie geleidelik plaasgevind. Die vernaamste oorsaak moet gesoek word in die tekort aan onderwysers wat in hierdie distrik ondervind is. Dit het dikwels gebeur dat 'n skool nie opgerig kon word nie net omdat 'n leerkrag nie te vinde was nie. Dit het selfs gebeur dat skole moes sluit omdat die onderwyser 'n ander aanbod in die nabye omgewing aanvaar waar hy gemeen het om gunstiger diensvoorwaardes te verkry. Dit is verder opmerklik dat die meeste van die skole wat gedurende hierdie periode geopen is, binne 'n jaar of twee weer gesluit moes word. Hiervoor moet as bykomende rede aangevoer word die knellende droogtes en die runderpes, wat in 1896 'n duidelike uitwerking op die onderwys in die distrik gehad het[1].

a. Witpoort, wyk Makwassie.

In die verslag van die Superintendent oor die gesubsidieerde onderwys in die Zuid-Afrikaanse Republiek gedurende die diensjare 1892[2] en 1893[3] word Witpoort genoem in die lys van skole en J.H. Viljoen as opvolger van S.C.Bosman, wat aan die einde

---

1. Vergelyk in die verband die gegewens in die tabel van skole op bl. 64 hieronder.
2. Verslag van den Superintendent van Onderwys betreffende het gesubsidiëerde onderwijs in de Z.A. Republiek 1892, 21.
3. Ibid., 1893, 25.

van 1891 bedank het. Gedurende die jaar 1895 is die skool op 15 en 16 Mei geïnspekteer deur inspekteur H. Moore, juis toe die heer L.D.C. Bosman volgens 'n skrywe[1] van die hoof gedateer 1 Mei 1895 op die punt gestaan het om te vertrek. Mej. M.C. Pienaar, wat in st. V geslaag het, is in sy plek aangestel.

Met die vertrek van E.C.Bosman aan die einde van die jaar het die skool tydelik gesluit, om op 7 April 1896 te heropen[2], met die heer D.J. Rossouw as hoof en mej. S. J. Rossouw as kwekeling. Die nuwe skoolkommissie het bestaan uit: J. F. van Vuuren (voorsitter), G.J. Bosman (vise-voorsitter), D.J. Rossouw (sekretaris) met J.C. Badenhorst, Chr. J. Jooste, G.N. Claasen en J.M. Nel as lede[3].

Die skool het bly voortbestaan tot Mei 1900 hoewel ons nie oor veel gegewens beskik vir die jare 1896 tot 1900 nie. Op 6 Oktober 1899 het die heer S.P. du Toit L.E.V. per telegram[4] aan die Superintendent gevra of die skool gesluit moes word, waarop geantwoord is dat dit, volgens die jongste Staatskoerant, kon voortgaan.

b. Uitkyk, wyk Makwassie.

Hierdie skooltjie het in die Mansvelt-tydperk nog 'n paar jaar bestaan. Die heer Strydom bygestaan deur mej. C. Powell was gedurende die jaar 1892[5] nog daar werksaam. Tydens die inspeksie op 24 Oktober 1893[6]

1. O.D. 20/3, 144/1895.
2. O.D. 31/2, O.R.3037/96: skrywe van S.P.du Toit, d.d. 6/4/96.
3. O.D. 340, 33: Register van dorp- en wykskole 1895-1899.
4. O.D. 114/2, O.R. 17484/99, d.d. 6/10/1899.
5. Verslag van den Superintendent betreffende het gesubsidiëerde onderwys in de Z.A.Republiek 1892, 21.
6. Verslag van schoolinspectiën gehouden gedurende het vierde kwartaal 1893, 46.

was die heer J.H. Viljoen hoof en het die skool met 20 leerlinge voortgegaan tot in Oktober 1894[1], toe die onderwyser vertrek het na Wolvenspruit.

c. Oersonskraal en Carreepoort, wyk Makwassie.

Ons het reeds in die vorige hoofstuk gemeld dat ŉ skool in 1890 op Oersonskraal begin is, maar die bestaan was van korte duur. Op 2 Oktober 1893 het die heer F.H.J. Bender ŉ skool geopen met 16 kinders, en hy het aan die hoof gebly tot in 1894[2], toe hy na Klipkuil vertrek het.

Volgens argiefstukke was die heer Bender gedurende 1893 en 1894 ook verbonde aan ŉ skool op Carreepoort[3]. Met die vertrek van die onderwyser het dieselfde lot hierdie skool getref, en ons kom die naam van nie een van hulle weer teë nie. Ons kan dus aanneem dat nie een van die skole daarin kon slaag om weer ŉ onderwyser te kry nie, en gevolglik kon hulle nie aan die gang gehou word nie.

d. Ebeneserskool, Wolmaransstad.

Die georganiseerde onderwys op die dorp self het eers begin vorm aanneem met die koms van ds. Paul Nel in 1894[4]. Reeds agt jaar vantevore tref ons ŉ skool op Witpoort, wyk Makwassie, aan. Na vrugtelose agitasies aan die owerheid het die ouers self ŉ skooltjie gebou op erf nr. 187 op die hoek van Bok- en Bornmanstraat. Die skool sou bekend staan as die Ebeneserskool[5].

Die skool is geopen op 29 Oktober 1894 met ds. Paul Nel as tydelike onderwyser, en op 9 November van

---

1. Verslag van den Superintendent van Onderwys betreffende het gesubsidiëerde onderwijs in de Z.A.Republiek 1894, 28.
2. Ibid., 25.
3. Ibid., 1893, 22; 1894, 25.
4. O.D. 16/2, 152/1894 - Brief van ds. P. Nel. O.D. 140/1, 623/1894.
5. Van Zyl: Geskiedenis van Wolmaransstad, 10.

dieselfde jaar is dit vir die eerste keer geïnspekteer deur inspekteur F.P.Crotz[1].

Op 17 Mei 1895 is die skool geïnspekteer. W.H. Theunissen het vanaf 6 Mei waargeneem as hoof[2] en is aan die begin van 1896 opgevolg deur die heer H.A.W. Hesse, bygestaan deur kwekeling J.N.Uys[3].

Die skoolkommissie was soos volg saamgestel[4]: Ds. Paul Nel (voorsitter), T.S.Leask (penningmeester), landdros H. de Waal (sekretaris) en lede: H.C.Barnard, J.N. Uys, W.J. du Plooy en N. Basson. Hesse het hoof van die skool gebly tot na die uitbreek van die oorlog in 1899. Hy het ook die laaste aantal jare opgetree as distrikshoofonderwyser, ten einde die Superintendent te adviseer oor onderwysaangeleenthede in die distrik.

Gedurende die periode 1895-1899 was ook die volgende persone aan hierdie skool werksaam[5]: Mejj. M.C. E.de Beer, assistente 1897, Sophia Geyer, assistente 1897, T.B.Bornman, assistente 1898, G. Bornman, kwekeling 1899, A.H. de Waal, assistente 1899, mnr. J.C. van der Walt, kwekeling en assistent 1898 en C.H.A.Fourie, assistent 1898.

e. Klipkuil, wyk Makwassie.

Hierdie skooltjie is aan die einde van 1894 geopen met die heer F.H.J.Bender[6] as hoof. Op 30 November 1894 is 'n skrywe van die skoolbestuurder, H.P. Dreyer, aan die Superintendent van Onderwys gerig[7], waarin registers en vorms aangevra word en 'n bestelling geplaas word vir Kykjes in ons Geschiedenis.
Die heer Bender het van die geleent-

1. Verslag van schoolinspectiën gehouden gedurende het vierde kwartaal 1894, 52-53.
2. Ibid., tweede kwartaal 1895, 55-57.
3. Ibid., tweede kwartaal 1896, 14.
4. O.D. 44/1, O.R. 1678; O.D. 340, 1.
5. O.D. 34o, 1: Register van dorp- en wykskole 1895-1899.
6. O.D. 140/1, 105.
7. O.D. 17/1, 254.

heid gebruik gemaak om die Superintendent van Onderwys Gods rykste seën toe te wens - 'n gebruik wat by hom 'n jaarlikse instelling geword het. Die skool is aan die begin van 1895 gesluit weens die vertrek van die hoof om 'n pos op Doornbult te aanvaar[1].

f. Wolvenspruit, wyk Vaalrivier.

Die juiste openingsdatum van die skool kon nie vasgestel word nie. Volgens 'n skrywe gedateer 15 Februarie 1895, gerig aan J. Bergmans as Sekretaris Departement van Onderwys[2], moet afgelei word dat dit in Oktober 1894 geopen is met J.H. Viljoen as onderwyser. By dieselfde geleentheid is die volgende bestelling geplaas[3]:

"7 Elfers Leesboek Std.111
6 Elfers Leesboek Std. 11
8 Elfers Leesboek Std. 1
12 Psalm en Evangelie Gesangboeken voor School.
9 Step by Step 1.
1 Royal Reader Tweede reeks.
2 Doosen griffels".

Die skoolkommissie was soos volg saamgestel[4]: J.P.Meintjies (voorsitter), J.H. Viljoen (sekretaris), R.A. de Beer (penningmeester), F.H. Campher, J.A.de Beer, en F.H. Schütz.

In 'n brief gedateer 8 Desember 1896 deel Viljoen die Departement mee dat hy weens die runderpes en teisterende droogtes verplig is om aan die einde van die jaar die skool te sluit. Hy is van plan om 'n skool drie uur daarvandaan op Rondevallei te gaan open[5].

1. O.D. 17/2, 301.
2. O.D. 19/1, 248/1895; kyk ook O.D. 140/3, 506.
3. O.D. 19/1, 247/1895.
4. O.D. 340, 34: Register van dorp- en wykskole 1895-1899.
5. O.D. 40/3, O.R. 11275/1896.

Die skrywe is gerig aan die heer A.H.H. Sausenthaler, eerste klerk van die Departement van Onderwys.

g. <u>Doornbult, wyk Makwassie</u>.

Onder datum 9 April 1895 word deur die heer D.J.B. Pieterse, skoolbestuurder en penningmeester, 'n skrywe aan die Sekretaris van die Departement van Onderwys gerig om te berig dat 'n skool op Doornbult geopen is volgens Wet No. 8 van 1892 en dat eenparig tot onderwyser gekies is die weledele heer F.H.J. Bender, laas te Klipkuil, "die wij allen met groten genoegen vrijmoedig en ten volle aanbeveeldt. De heer Bender heeft zulke goede aanbevelingen dat wij hem met blydschap neemt onse kinderen te leeren". Die adres word aangegee as: "Doornbult, dist. P.C. Stroom, Makwassie, via Klerksdorp, Post Hertz, Wolmaransstad"[1).

As skoolkommissie is op 'n vergadering gehou op 11 Maart 1895 die volgende persone gekies[2):
Jan P. Kotze, ouderling (voorsitter), Dawid J.B. Pieterse, vrederegter (bestuurder en penningmeester), Josias Ph. Hoffman, Francois J. Joubert en Daniël J. Pieterse.

Die opening van die skool het op plegtige wyse plaasgevind met 24 kinders. Daar was 10 families teenwoordig, en die verwagting is gekoester dat die aantal verder sou uitbrei.

Die Departement van Onderwys is op 30 September 1895 in kennis gestel dat die skool verplaas word na Doornpan, die plaas van die heer Phillippus D. Sauer, alwaar ook die voorsitter die heer J.P. Kotze, gewoon het. Die skool sou tydens die ver-

---

1. O.D. 20/2, 93/1895 - Die brief is deur Bender opgestel maar deur Pieterse geteken.
2. O.D. 20/3, 425/1895.

skuiwing vir ŉ paar dae gesluit wees, en P.D. Sauer sou voortaan optree as sekretaris in die plek van D.J.B. Pieterse, wat weens sy pligte as veldkornet nie kans gesien het om verder met die werk aan te gaan nie[1]. Hierdie verskuiwing is deur inspekteur H. Moora goedgekeur. Hy het die nuwe skool in November 1895 besoek, nadat dit geopen is op 9 Oktober 1895.

Volgens ŉ brief gedateer 31 Maart 1896, geteken deur P.D. Sauer, moes die skool gesluit word weens gebrek aan belangstelling. Waar die heer Bender ŉ nuwe skool gaan open, wens die Skoolkommissie hom alle voorspoed toe. Die Kommissie verheug hom daarin dat Bender soveel vriende het wat hom behulpsaam wil wees deur hom soveel "beroepe" - 6 in getal - te stuur[2]. Die Superintendent het op 24 Junie 1896 die sluiting van die skool aanvaar, aangesien die onderwyser sy jaar diens gelewer het en ook omdat die vernaamste lid van die kommissie, vrederegter D.J.B. Pieterse, verongeluk het[3].

h. <u>Vaalbank, wyk nr.2, Vaalrivier</u>.

Na die sluiting van Doornpanskool (voorheen Doornbult) op 31 Maart 1896[4] het die heer Bender ŉ skool op Vaalbank geopen. Die onderwyser is met groot vrymoedigheid en blydskap aanbeveel, omdat die kommissie hom reeds 12 jaar geken het en hy ook goeie getuigskrifte besit het.

Die skoolkommissie het bestaan uit[5]:
C.J. Bezuidenhout, kommandant en diaken (voorsitter),
C.C. Bezuidenhout (skoolbestuurder en penningmeester),
G. van Wyk, J. seun, A.E. van Wyk en G. Bezuidenhout, G. seun.

---

1. O.D. 140/4, 7-8/1895.
2. O.D. 31/1, O.R. 2851/1896: Die brief is deur Bender in sy eie handskrif opgestel maar deur Sauer geteken.
3. O.D. 31/3, O.R. 2852/1896.
4. O.D. 31/1, O.R. 2851/1896 - brief d.d. 6/4/1896.
5. O.D. 31/2, O.R. 3025/1896.

Op 22 Junie 1896[1] skryf Bezuidenhout aan die Departement en wys daarop dat nog geen antwoord van goedkeuring om die skool te open[2] ontvang is nie. In sy antwoord wys die Superintendent van Onderwys daarop dat die ongunstige inspeksierapporte oor Bender beskou moet word as die rede waarom daar vertraging is. Inspekteur Moora ontvang opdrag om die skool weer te besoek. Na sy inspeksies op 9 Junie en 5 Augustus 1896 was die inspekteur bereid om 'n aanbeveling te maak vir goedkeuring van subsidie, maar die onderwyser moet baie duidelik daarop gewys word dat genoemde goedkeuring onderworpe is aan die voorwaarde dat sy werk verbeter. Die finale goedkeuring van die subsidie het geskied op 24 Augustus 1896. Op 17 Desember is die state ingestuur en maak Bender van die geleentheid gebruik om die Superintendent en sy amptenare Gods beste seën toe te wens by die naderende Kersfees en Nuwejaar[3].

Onder datum 1 April 1897 berig die here Bender en Bezuidenhout[4] aan die Departement dat die skool gesluit moes word as gevolg van die runderpes, wat so gewoed het dat baie van die behoeftige ouers hulle kinders uit die skool moes haal. Volgens 'n verdere skrywe sou die skool ook nie weer heropen nie[5].

1. O.D. 32/2, O.R. 3736/1896.
2. O.D. 31/2, O.R. 3025/1896.
3. O.D. 42/2, O.R. 11722/1896.
4. O.D. 47/3, O.R. 3328/1897.
5. O.D. 47/3, O.R. 3332/1897 - In 'n skrywe gedateer 16/3/97 is die Superintendent deur genoemde here meegedeel dat die moontlike sluiting van die skool nie te wyte sou wees aan Bender se onbekwaamheid nie maar wel aan die runderpes. Die onderwyser is so bekwaam dat hy "ses beroepe" gekry het, waarvan hy natuurlik net een kan aanneem. Die Superintendent word geadviseer om van die heer Bender te verneem watter die vyf vakante skole is waarheen hy onderwysers kan stuur. Die kommissie versoek dat die Superintendent so 'n goeie onderwyser alle bystand moet verleen. Hulle reken hy is bekwaam en sal graag in die toekoms weer van sy diens gebruik wil maak. Inspekteurs Crotz, Moora en Te Boekhorst het agtereenvolgens heelwat moeilikheid ondervind met die gehalte van werk wat deur hierdie onderwyser gelewer is. Sy gebruik om jaarliks van pos te verander en 'n

Die skool het gesluit aan die einde van April 1897, toe die onderwyser se kontrak van een jaar om was, en op 4 Mei 1897 open hy weereens ŉ nuwe skool op Palmietfontein[1] in die Bloemhofse distrik - een van die plekke waarheen hy "beroep" was. Hier het dieselfde inspekteur op 20 Augustus 1897 gerapporteer: "Bij de inspectie stelt de Heer Bender zich aan, als hield hij voor het eerst school. En naar ik meen, ontvangt hij al een tiental jaren subsidie"[2].

i. Kameelbult, wyk nr.1, Wolmaransstad.

Inspekteur Moora gee in sy rapport oor die skool op Kameelbult die openingsdatum aan as 1 Mei 1896[3]. Op sy deurreis van Schweizer-Reneke na Wolmaransstad het die inspekteur verneem van die oprigting van die skool. Die onderwyser was H. Angerstein, ŉ Duitser wat Hollands nog nie goed kon praat nie.

3. Inspeksies gedurende 1892 - 1896.

a. Inspeksies deur inspekteur F.P. Crotz.

Die inspeksiestelsel is vanaf 1892 op ŉ beter voet ingerig. Die Transvaal is in vier kringe verdeel, en vir elkeen is ŉ eie inspekteur aangestel. Inspekteur Crotz was gedurende die jare 1892 tot 1894 vir die inspeksie van hierdie kring verantwoordelik. Om verskillende voor die hand liggende redes het die bevordering van leerlinge by die inspekteurs berus: baie onderwysers was nie daartoe in staat nie, die aan-

---

nuwe skool te gaan begin en ook die mooi briewe wat hy aan die Superintendent geskrywe het, telkens onderteken deur die sekretaris van die betrokke skoolkommissie, het nou ŉ te in die ooglopende gewoonte geword.

1. Verslag van schoolinspectiën gehouden gedurende het tweede kwartaal 1897, 46.
2. Ibid., 57.
3. Ibid., tweede kwartaal 1896, 16.

tal ongesertifiseerde onderwysers was baie hoog en dit kon tot misbruik lei, daar opskuiwing van leerlinge ŉ verhoogde toelaag meegebring het[1].

(1) Die diensjaar 1892.

Volgens die jaarverslag van die Superintendent van Onderwys word die volgende skole genoem in die lys van gesubsidieerde skole gedurende 1892:

Witpoort, met hoof J.H. Viljoen.

Uitkyk, met hoof C.J. Strydom en assistente mej. C. Powell.

(2) Die diensjaar 1893.

Gedurende 1893 het die inspekteur soos volg oor die ondergenoemde skole gerapporteer:-

Oersonskraal: 23 Oktober 1893; 16 leerlinge in drie klasse.
Hoof: F.H.J. Bender.
Die lokaal was gebrekkig terwyl die meubels en leermiddels vry voldoende was. Daar die skool egter maar nog net drie weke bestaan het, kon geen volledige inspeksie gedoen word nie. Die aard van die onderwys was "vry bevredigend", die orde goed en die toon "vry levendig"[2].

Uitkyk: 24 Oktober 1893; 20 leerlinge waarvan twee afwesig was.
Hoof: J.H. Viljoen.
Geen volledige inspeksie kon gedoen word nie, omdat die skool pas geopen het[3].

Die volgende twee skole word in die verslag slegs ge-

1. Coetzee: Onderwys in Transvaal 1838-1937, 64-65.
2. Verslag van schoolinspectiën gehouden gedurende het vierde kwartaal 1893, 46.
3. Idem.

noem[1]:

Witpoort: Hoof: J.H. Viljoen.

Carreepoort: Hoof: F.H.J. Bender.

(3) Die diensjaar 1894.

Die volgende skole is gedurende die jaar geïnspekteer:

Witpoort: 8 en 9 November 1894; 43 leerlinge verdeel in 5 klasse; 28 oorgeplaas.
Hoof: E. Bosman en assistent L. Bosman.
Klaslokale, meubels, leermiddels en roosters in orde. Die aard van die onderwyser was grondig, en die hoof is aanbeveel vir 'n verdienstelikheidshonorarium van £10[2].

Wolmaransstad: 9 November 1894; 16 leerlinge verdeel in 3 klasse.
Hoof: ds. Paul Nel, tydelik.
Die lokaal, meubels en leermiddels was geskik. Die lofwaardige poging van ds. Nel om te midde van sy baie werksaamhede die leiding van die skool op hom te neem en 'n begin te maak met die onderwys is spesiaal vermeld. Die inspekteur was besonder in sy skik met die werk wat gedoen is, en het 7 leerlinge oorgeplaas[3].

Klipkuil: 17 November 1894; 15 leerlinge verdeel in 3 klasse; 12 oorgeplaas.
Hoof: F.H.J. Bender sedert April 1894.
Die lokaal, meubels en leermiddels was redelik goed. Die toon en orde opgewek en die onderwys toereikend[4].

1. Verslag van den Superintendent van Onderwys betreffende het gesubsidiëerde onderwys in de Z.A.Republiek 1893, 25.
2. Verslag van schoolinspectiën gehouden gedurende het vierde kwartaal 1894, 51-52.
3. Ibid., 52-53.
4. Ibid., 60.

Die skole op Oersonskraal, Carreepoort, Uitkyk, Welverdiend en Wolvenspruit word ook wel in die jaarverslag genoem, maar geen rapporte is uitgebring nie[1].

b. Inspeksies deur inspekteur H. Moora.

(1) Die diensjaar 1895.

Volgens die jaarverslag van die Superintendent het inspekteur Moora gedurende 1895 die volgende skole geïnspekteer:

Witpoort: 15 en 16 Mei 1895; 40 leerlinge verdeel in 5 klasse; geen oorplasings.
Hoof: E.C. Bosman, met L.D.C.Bosman en mej. M.C. Pienaar as kwekelinge.
Slegs een kind was afwesig weens gebrek aan hulp tuis. Orde en toon is deurgaans as "vry goed" aangemerk, en die onderwys was by al die klasse toereikend. Bybelse Geskiedenis is deeglik onderrig, maar daar was ŉ gebrek aan geskikte leesboeke. Vir die aantal kinders was die sitplekke te min[2].

Wolmaransstad: 17 Mei 1895; Die 25 leerlinge op die register was almal teenwoordig.
Hoof: W.H. Theunissen sedert 6 Mei 1895.
Die lokaal was besonder geskik en netjies, maar die register en rooster van werksaamhede was nog nie in orde nie. Volledige inspeksie kon nie gedoen word nie, omdat die skool ŉ tyd lank gesluit was. Die inspekteur het die klasverdeling gedoen om die hoof te help[3].

1. Verslag van schoolinspectiën gehouden gedurende het vierde kwartaal 1894, 25-29.
2. Ibid., tweede kwartaal 1895, 55-57.
3. Ibid., 57-58.

Doornbult: 3 Junie 1895; 23 leerlinge verdeel in 4 klasse; 2 afwesig sonder opgawe van rede.
Hoof: F.H.J. Bender sedert April 1895.
Aan die skoolkommissie is opdrag gegee om die lokaal te vergroot. Wenke oor metodes is aan die onderwyser gegee[1].

Wolvenspruit: 4 en 5 Junie 1895; 32 leerlinge verdeel in 4 klasse; 3 oorgeplaas.
Hoof: J.H. Viljoen sedert Oktober 1894.
Hoewel die Bybelse Geskiedenis by al die klasse goed was, was die werk in die meeste ander vakke swak. Veral die Rekenkunde, Spelling, Vaderlandse Geskiedenis en Engels lees was baie swak. Sitplekke was te min[2].

(2) Die diensjaar 1896.

Gedurende 1896 is die volgende skole deur inspekteur Moora besoek:

Witpoort: 19 Mei 1896. Daar was 33 leerlinge verdeel in 6 klasse.
Hoof: D. J. Rossouw sedert April met kwekeling S.J. Rossouw.
Die lokaal was geskik, die meubels gangbaar maar die leermiddels swak. Die inspekteur het sy vertroue in die werk van die nuwe hoof uitgespreek daar hy 'n persoon was wat reeds ruime ervaring op ander skole opgedoen het[3].

Wolmaransstad: 20 en 21 Mei 1896. Die 41 leerlinge op die register was verdeel in 5 klasse; 23 is oorgeplaas.

1. Verslag van schoolinspectiën gehouden gedurende het tweede kwartaal 1895, 55-57.
2. Ibid., 68-69.
3. Ibid., tweede kwartaal 1896, 13.

Hoewel die heer Hesse nog maar vier maande aan die skool verbonde was, het sy werk 'n gunstige indruk op die inspekteur gemaak en is hy aanbeveel vir 'n honorarium van £10. Die orde en toon van die skool word onder andere aangegee as uitmuntend[1)].

Vaalbank: 9 Junie 1896. Daar was 22 leerlinge teenwoordig, verdeel in drie klasse.
Hoof: F.H.J. Bender sedert April 1896.
Die lokaal was redelik geskik, maar die meubels sowel as die leermiddels was swak. Die organisasie van die skool was swak. Met die onderrig in die verskillende vakke was die inspekteur nie tevrede nie. Die onderwyser het heeltemal onvoorbereid voor sy klasse opgetree. Die onderwys in Bybelse Geskiedenis "betekende zoo goed als niets". Aangesien die heer Bender elke jaar op 'n ander skool werksaam is, ag die inspekteur dit noodsaaklik dat hy nou op hierdie skool langer bly ten einde 'n deeglike inspeksie te kry om sy bekwaamheid as onderwyser te bewys[2)].

Kameelbult: 25 Mei 1896. Die 17 leerlinge op register was verdeel in drie klasse.
Hoof: H. Angerstein sedert Mei 1896.
Wenke is aan die hoof gegee, aangesien hy nog min ondervinding gehad het en glad nie die Hollandse taal magtig was nie. Die kinders het hom nie altyd begryp nie, maar aangesien hulle tog wel iets kon leer, het die inspekteur die skool goedgekeur tot

1. Verslag van schoolinspectiën gehouden gedurende het tweede kwartaal 1896, 13.
2. Ibid., 27.

sy volgende inspeksie. Die onderwyser het opdrag ontvang om hom goed voor te berei[1].

Op 8 Oktober 1896 het die heer Hesse gerapporteer dat die onderwyser by hom lesse geneem het en voldoende vordering gemaak het[2]. Die skool het aan die einde van 1896 waarskynlik gesluit[3], want vanaf die begin van Januarie 1897 was die heer Angerstein werksaam op Vaalkop, Lichtenburg.

4. Snelle toename in oprigting van skole, 1897-1899.

a. Klipfontein, wyk Vaalrivier.

Die skool op Klipfontein is geopen op 1 Februarie 1897[4] met die heer Francois Joubert as onderwyser, terwyl die skoolkommissie bestaan het uit: J.J. van Heerden (voorsitter), H.J. Knox (sekretaris), F.D. Jacobs (penningmeester), F.J.H. van der Berg, A. P. Malan en F.S. van Heerden.

Heelwat moeilikheid is ondervind om die skool op die lys van gesubsidieerde skole geplaas te kry[5], omdat die onderwyser ongekwalifiseerd was. Volgens die inspeksierapport van inspekteur Moora op 28 Oktober 1897[6] was daar afgesien van die feit dat die onderwyser eksamen moes aflê om 'n erkende sertifikaat te verkry, ook verskeie sake waaraan hy wat sy metode van onderwys betref, aandag moes skenk. Hy was bereid om uitvoering te gee aan al die wenke van die

1. Verslag van schoolinspectiën gehouden gedurende het eerste kwartaal 1897; kyk ook O.D.34/2, O.R. 5778/1896.
2. O.D. 38/2, O.R. 8970/1896.
3. O.D. 45/2, O.R. 1672/1896.
4. O.D. 46/1, O.R. 2075/1897: Brief van Hesse aan Departement.
   O.D. 340, 32: Register van dorp- en wykskole 1895-1899.
5. O.D. 46/1, O.R. 6468/1897; O.D. 46/1, O.R. 12803/1897.
   O.D. 46/1, O.R. 2075/1897; O.D. 46/1, O.R. 5228/1897.
6. O.D. 46/1, O.R. 12803/1897.

inspekteur[1], het klasse by die heer Hesse op Wolmaransstad bygewoon en op 10 November 1898 sy sertifikaat vir registrasie versend. ʼn Gehoorgebrek van die onderwyser was ʼn belangrike diskwalifikasie. Die skool het nie met die uitbreek van die oorlog dadelik gesluit nie. Blykens verslae wat opgestuur is tot in April 1900, moet die skool toe nog bestaan het.

b. Rondevallei, wyk nr.2, Vaalrivier.

Aansoek om ʼn skool op Rondevallei te open met die heer J.H. Viljoen as onderwyser is op 3 Februarie 1897 aan die Departement gerig[2], en die voorgestelde skoolkommissie was: J.J.Hoffman (voorsitter), J.H.Viljoen (sekretaris), E.H. van Biljon (sekretaris) en W.J.B. Badenhorst. Die bestaan van die skool was egter van baie korte duur, want dit is op 25 Junie 1897 gesluit[3] en oorgeplaas na Bezuidenhoutskraal, waar die onderwyser ʼn nuwe skool geopen het.

c. Bezuidenhoutskraal, wyk Vaalrivier.

Soos reeds voorheen vermeld, het hierdie skool kort na sy oprigting in 1890 weer tot niet gegaan. Dit is egter opnuut geopen op 8 Julie 1897 met J.H.Viljoen[4] as onderwyser, wat aangebly het tot 16 Desember 1898, toe hy ʼn aanstelling op Wolvenspruit aanvaar het.

Die kommissie het bestaan uit[5]: J.N.Geldenhuys (voorsitter), J.H.Viljoen (sekretaris), P.J.Geldenhuys (penningmeester), T.H.Fouché en J.C. Pretorius.

---

1. O.D. 46/1, O.R. 1401201/1897.
2. O.D. 44/1, O.R. 639/1897.
3. O.D. 54/1, O.R. 7561/1897.
4. O.D. 199, O.R. 8849/1897.
5. O.D. 340, 34: Register van dorp- en wykskole 1895-1899.

Vanaf 15 Februarie tot 1 Julie 1899 was J.Botes hoof van die skool. Hy is vanaf 3 Julie 1899 opgevolg deur H. Parker, voorheen van Wolvenkop[1].

Die kommissie is onder Parker soos volg opnuut saamgestel[2]:

H.A. Roodt (voorsitter), D.B. Willemse (sekretaris), P.J. Geldenhuys (penningmeester), J.S. Pretorius en A.J. Engelbrecht.

Ten einde sy kwalifikasies te verbeter moes Parker elke Maandag lesse bywoon op Wolmaransstad by die heer Hesse. Dit het meegebring dat die skoolure op genoemde dag verander moes word, sodat een uur in die aand ingehaal kon word. Die Departement wou op aandrang van die Kommissie nie hierdie reëling goedkeur nie maar terselfdertyd Parker ook nie vrystel van die bywoning van lesse nie[3]. Op 14 Januarie 1900 deel hy die Departement mee dat hy op kommando was en met sy terugkoms eers die skrywe insake skoolure ontvang het. Hy vra om vrygestel te word van lesneem en meld ook dat sy gesondheid hom nie toelaat om verder te studeer nie. Hy beskou hom verder as 'n volle burger van die land, aangesien hy reeds twee keer op kommando was. Hy gee sy adres aan as: "Genl. de la Rey Lager, Water werken naby Kimberley"[4].

Verslae van die skool is opgestuur tot Mei 1900. Ons moet dus aanneem dat die datum waarop dit gesluit is, waarskynlik teen die helfte van die jaar was.

---

1. O.D. 340, 43: Register van dorp- en wykskole 1895 - 1899.
2. O.D. 340, 36: Register van dorp- en wykskole 1895 - 1899.
3. O.D. 209, O.R./14753/1899.
4. O.D. 209, O.R./ 14753/1900.

d. Zendelingsfontein, wyk 1.

Hierdie skool is geopen op 27 November 1897 met P. de Boer as onderwyser en die volgende skoolkommissie[1]:
W.C.J. Brink (voorsitter), W.J. Erasmus (sekretaris), L.D. Erasmus (penningmeester), J.J. Neethling en N.W. L. Buissini.

Die stryd vir die oprigting van die skool het ruim agt maande geduur. Die heer Brink se onvermoeide ywer in verband met die saak verdien spesiale vermelding. Reeds op 23 Maart 1897 is onder sy voorsitterskap 'n vergadering belê waartydens die volgende ouers teenwoordig was[2]: J.J. Delport, L.D. Erasmus, W.J. Erasmus, J.J. Neethling, J.J. van der Schyff, W.C.J. Brink, A.J. Erasmus, M. Mienie, D.J. Faure, A Rensky, P.Wellen, N.A. Vywer, A.A. Celliers, G.H.P. Erasmus, W.J. Nel en C.F. Kruger as veldkornet (per gevolmagtigde, aangesien hy verhinder was om teenwoordig te wees).

Die groot probleem was om 'n onderwyser te vind. Die leerkragte tot die beskikking van die Departement kon nie na so 'n afgeleë wykskool gestuur word nie, aangesien hulle dienste op ander plekke beter gebruik kon word. Die Departement het aan die Kommissie voorgestel dat 'n geskikte onderwyser vir hulle in Holland gewerf sou word, maar hulle moes bereid wees om vier maande te wag[3]. Die Kommissie was bereid om 'n onderwyser te neem al kon hy voorlopig net die kinders die ABC leer totdat die Departement 'n geskikte persoon kon vind[4].

1. O.D. 340, 37: Register van dorp- en wykskole 1895 - 1899.
2. O.D. 52/1, O.R. 3573/1897.
3. O.D. 52/1, O.R. 6097/1897: Brief van die Departement aan Brink.
4. O.D. 52/1, O.R. 9475/1897: Brief van Brink aan die Departement.

Op 17 November 1897 het P. de Boer per trein van Pretoria af op Klerksdorp aangekom en is deur Brink na Zendelingsfontein geneem[1].

Inspekteur Te Boekhorst het op 22 Februarie 1898 by De Boer inspeksie gedoen met die oog op die uitreiking van 'n sertifikaat van bevoegdheid[2]. Die inspekteur het ook uitbetaling van subsidie aan die skool aanbeveel. Die inspekteur het hom die vorige aand "werk laaten maken" waaruit sy bekwaamheid geblyk het[3].

Aan die einde van 1898 het De Boer die Departement om 'n ander pos versoek[4]. Die mense op Zendelingsfontein het hom nie gehaat nie, maar volgens hom was daar weinig kanse vir vooruitgang. Hoewel die Departement van oordeel was dat hy langer op die plek moes bly, het hulle later toegestem dat sowel die skool as die onderwyser vanaf 1 Maart 1899 oorgeplaas kon word na Vlakfontein, waar daar beter geriewe bestaan het.

Die skool het op Vlakfontein met dieselfde adres en skoolkommissie bestaan tot 29 September 1899, toe De Boer die Departement in kennis gestel het dat hy deur die veldkornet gekommandeer is om op te trek na Lichtenburg[5].

---

1. O.D. 52/1, O.R. 15278/1897. Al die korrespondensie tussen die Departement en die skoolkommissie is in die Staatsargief gevind.
   Verwysings van belang is die volgende:-
   O.D. 52/1, O.R. 8591/1897: Brief van Departement aan P. de Boer om hom as onderwyser te werf.
   O.D. 52/1, O.R. 9475/1897: Telegram aan De Boer.
   O.D. 52/1, O.R. 11945/1897: Insake aanstelling van J. Muller.
   O.D. 52/1, O.R. 14429/1897: Brief van Brink aan Departement.
   O.D. 52/1, O.R. 11945/1897, 275: Brief insake aankoms van De Boer.
   O.D. 52/1, O.R. 15278/1897: Telegram insake ontmoeting van De Boer.
2. O.D. 52/1, O.R. 3033/1897.
3. Vgl. Bylae B.
4. O.D. 92/2, O.R. 18637/1898.
5. O.D. 113, O.R. 16164/1899.

### e. Vliegenkraal, wyk Makwassie.

ʼn Skool op Vliegenkraal met die naam "Goede Hoop School" is op 7 Januarie 1898 gestig met F.H.J.Bender, gewese onderwyser te Palmietfontein, as hoof[1]. In die skrywe aan die Superintendent meld die Kommissie dat hulle Bender eenparig as onderwyser gekies het nie alleen op grond van sy goeie getuigskrifte nie maar ook omdat hulle hom persoonlik ken. Die hoop word uitgespreek dat die Superintendent "onze goede keuse" sal goedkeur en die nodige vorms vir subsidie sal aanstuur[2]. In die skrywe word verder die name van die skoolkommissie verstrek[3]:
W.H. Kotze (voorsitter), M.G.P. Claase (bestuurder en penningmeester), G.F. Visagie, J.W. Pieterse en C.J.H. van Heerden.

Die Departement was nie bereid om die skool te erken voordat Bender bewys van sy lidmaatskap van ʼn "Protestantsch-Christelijke Kerk" en bekwaamheid as onderwyser kon lewer nie[4]. Op 3 Maart 1898 het inspekteur J.K.M. te Boekhorst in opdrag van die Superintendent die skool besoek om ʼn volledige inspeksie by Bender te doen. Sy bevinding was ongunstig. Daar was ʼn gebrek aan leermiddels veral ten opsigte van ʼn skryfbord en leesboeke.

Nadat hy 2½ uur lank lesse bygewoon het, was sy bevinding dat een van die groter dogters so verveeld geraak het terwyl die onderwyser leesles gegee het, dat sy op haar lei gesit en krap het. Veral was sy kennis van Hollands swak. Tydens inspeksies het hy gedurig voorligting gevra oor leermiddels en metodes sonder

---

1. O.D. 67/3, O.R. 482/1898: Brief d.d. 7/1/98.
2. O.D. 67/3, O.R. 482/1898: Nog ʼn lofrede wat Bender op hom laat sing.
3. Idem.
4. Ibid., brief d.d. 3/3/1898.

om dit ooit toe te pas. Die inspekteur het ook sy godsdienstige oortuiging in twyfel getrek, omdat hy nie die skool met gebed geopen en gesluit het nie. Bender het die inspekteur gevra om dit te doen, en sy verweer later was dat hy dit slegs uit beleefdheid teenoor die inspekteur gedoen het. In sy verslag het hy verwys na vorige ongunstige rapporte, onder andere die een van Moora in die derde kwartaal 1897, en die mening gelug dat die onderwyser heeltemal onbekwaam was vir sy werk.

Die Skoolkommissie was uitmekaar as gevolg van 'n tentoonstelling op Wolmaransstad, maar die inspekteur het die here Claase en Hesse[1] gespreek en aan laasgenoemde vorms gegee wat voltooi moes word vir die aanvra van 'n gesertifiseerde onderwyser liefs deur die Departement self gekeur. Indien die Skoolkommissie nie bereid sou wees om dit te doen nie, sou Te Boekhorst die Departement adviseer om die subsidie te weier; besluit die Kommissie om op sy aanbevelings te handel, kon die heer Bender aanbly totdat die nuwe onderwyser opdaag[2].

---

1. Die heer Hesse het opgetree as distrikshoofonderwyser om te dien as skakel tussen die skole in die distrik en die Departement.
2. O.D. 67/3, O.R. 2934/1898: Rapport van Te Boekhorst. Bender het sy posisie as volg aan die Superintendent verduidelik (vgl. O.D. 67/3, O.R. 7872/1898): Hy is in 1881 onder S.J. du Toit aangestel op grond van die aanbeveling van bekwaamheid van sy vriend ds. De Ridder van die Gereformeerde Kerk te Rustenburg. 'n Sertifikaat wat Brebner as Superintendent van Onderwys van die O.V.S. aan hom uitgereik het, het hy by aanstelling ingehandig sowel as sy bewys van vyftien jaar lange lidmaatskap van die Wesleyaanse Kerk op Fauresmith en Bloemhof. Hy het sy sertifikate nooit teruggekry nie "maar dat hinderde mij niet". Hy het hom altyd waar hy werksaam was, by die leraar van die N.H. of G. Kerk aangemeld, en hoewel hy vier jaar gelede laas op Wolmaransstad was, sal hy hom weer by die nuwe leraar wat ds. Paul Nel opvolg, aanmeld. Ter ondersteuning het al die lede van sy Skoolkommissie die brief onderteken.

Die Superintendent het op 18 Mei 1898 die bevindinge van inspekteur Te Boekhorst skriftelik aan die Kommissie bevestig[1]. Ten einde die Kommissie in staat te stel om 'n bekwame gesertifiseerde onderwyser te verkry, sou subsidie nog uitbetaal word tot aan die einde van die kwartaal.

Die Kommissie het vir Bender in die bres getree en die bevindinge van die inspekteur probeer weerlê. Op 25 Januarie 1898 het hulle 'n vergadering gehou waarop hy teenwoordig was, en besluit om die aansoekvorms om 'n ander onderwyser aan die Superintendent terug te stuur. Hulle het vertroue in Bender uitgespreek en 'n petisie opgestel om hom daar te hou[2].

Die Departement was aanvanklik nie bereid om sy beslissing, gegrond op die bevinding van die inspekteur, te wysig nie, en die skool is erken net tot aan die einde van Junie. Bender het die skool na die vakansie weer heropen, en op 12 Augustus het hy die Superintendent meegedeel dat hy 'n groot huisgesin het wat hy nie aan die lewe sal kan hou as sy skool gesluit word nie[3], waarop die Departement toegegee het dat hy kon aanbly tot die einde van die jaar. 'n Laaste poging om Bender langer aangestel te kry as einde 1898[4] het finaal misluk toe die Superintendent persoonlik aan hom geskryf het dat hy sy plig sou versuim indien hy toelaat dat die Departement se geld uitgegee word om persone in diens te hou wat nie in staat is om behoorlike werk te lewer nie . Met die oog op vreemde elemente wat die land binnestroom, word daar

1. O.D. 67/3, O.R. 2976/1898.
2. O.D. 67/3, O.R. 2980/1898.
3. O.D. 67/3, O.R. 12384/1898.
4. O.D. 67/3, O.R. 607/1898.

hoë eise aan die bekwaamheid van onderwysers gestel[1].

Op 13 Junie 1899 het Hesse die heer O.A.L. Meyer as onderwyser vir Vliegenkraal by die Departement aanbeveel[2]. Die ouers het Meyer vanaf 1884 goed geken, en dit was moeilik om onderwysers te verkry. Nadat Te Boekhorst op 19 Julie 1899 by dié onderwyser inspeksie gedoen het, was sy bevinding dat hy nie aan die vereistes voldoen nie[3]. Die aanstelling is net goedgekeur tot die einde van die derde kwartaal. Op 6 Oktober het Meyer die Departement meegedeel dat die skool gesluit word weens die oorlog[4].

f. Wolvenkop, wyk 2, Vaalrivier.

Volgens die Register van dorp- en wykskole is hierdie skool geopen op 1 April 1898 met H. Parker as hoof. Die skoolkommissie het bestaan uit[5]: P. Venter (voorsitter), H.Parker(sekretaris), P. Venter Jnr. (penningmeester), W.N. Flemming,en J.N. Fouche.

---

1. O.D. 67/3, O.R. 607/98 en O.R. 482/1898. Dit is die laaste wat ons van die heer Bender verneem. Nêrens tref ons weer sy naam aan nie, sodat ons moet aanneem dat hy by die finale beslissing van die Superintendent berus het. By die deurgaan van die dokumente word 'n mens getref deur die onwrikbare vertroue wat sy skoolkommissies in hom moet gehad het, nieteenstaande die swak rapporte wat oor hom gelewer is. Bender het egter die kuns verstaan om hulle guns te verower en te behou. Hy het aan die einde van sy loopbaan sy bes gedoen om in diens gehou te word, maar hy kon nie langer daarin slaag om met mooi briewe van die skoolkommissie oor hom die owerhede te mislei nie. Ons kan egter nie help om met hom te simpatiseer nie, aangesien hy 'n arm man was met 'n groot huisgesin om voor te sorg. Tog het hy sy deel bygedra tot die uitbreiding van die onderwys in die Wolmaransstadse distrik, want hy het gedurende die tydperk 1892-1899 die volgende skole geopen: Oersonskraal, Carreepoort, Klipkuil, Doornbult, Doornpan, Vaalbank en Vliegenkraal.
2. O.D. 105/2, O.R. 9554/1899.
3. O.D. 105/2, O.R. 9554/1899.
4. O.D. 113/3, O.R. 16909/1899.
5. O.D. 340, 36: Register van dorp- en wykskole 1895 - 1899.

Reeds op 9 Maart 1897 doen P. Venter as sekretaris van die Skoolkommissie aansoek om n verplaasbare skoolgebou, n onderwyserswoning en n onderwyser. Hy deel die Superintendent mee dat die Kommissie vervul is van n onvermoeide ywer in belang van die opvoeding van die jeug[1]. Weens die feit dat niks van die Departement verneem is nie, rig Venter op 4 Mei 1897 n verdere skrywe[2] en op 20 Junie 1897 n telegram[3] om die saak te bespoedig. Op 5 Julie 1897 is die aansoek om hout en sink opnuut ingedien[4]. In n skrywe gedateer 31 Desember 1897 berig die Departement dat die Kommissie £68.2.10 vir hout en sink ontvang het[5]. Indien die veldkornet n waardering van die gebou maak, kon n groter bedrag uitbetaal word as vergoeding vir die werk wat deur die Kommissie self onderneem is. Veldkornet J.N. Geldenhuys het die gebou teen £325 gewaardeer[6], en die Kommissie het n volledige rekening ingestuur vir die materiaal, wat deur die plaaslike winkelier, Thomas Leask & Coy., gelewer is[7].

Parker het die skool op 30 Junie 1899 gesluit om die hoofskap van Bezuidenhoutskraal in dieselfde wyk te aanvaar vanaf 3 Julie 1899[8]. Hierdeur het hy vir hom die onguns van die ouers van albei skole op die hals gehaal. Die Skoolkommissie het op 4 Julie 1899 by die Departement gekla dat Parker sy kontrak verbreek het en ook die kinders van Wolvenkop met hom saamneem na Bezuidenhoutskraal[9]. Na uitvoerige

1. O.D. 47/2, O.R. 3023/1897.
2. O.D. 47/2, O.R. 5523/1897.
3. O.D. 47/2, O.R. 7911/1897.
4. O.D. 47/2, O.R. 8914/1897.
5. O.D. 47/2, O.R. 11329/1897.
6. O.D. 47/2, O.R. 1446/1897
7. Vgl. Bylae C.
8. O.D. 340, 34: Register van dorp- en wykskole 1895 - 1899.
9. O.D. 207, 9993/1899.

korrespondensie het die Departement 'n kommissie van ondersoek aangestel bestaande uit die onderwysers H. A.W. Hesse (voorsitter), J.W. Gehle(sekretaris), A.H. Klazinga en J.H. Viljoen[1].
Hulle bevinding was dat daar kontrakbreuk aan albei kante was en dat daar afguns bestaan het tussen die kommissies van die twee skole hoofsaaklik om kerklike redes.

g. Leeuwbosch, wyk 2, Vaalrivier.

Die skool op Leeuwbosch is geopen op 4 Julie 1898 met H.L. Graen as hoof[2], wat aan die skool werksaam was tot 1 November 1898, toe hy bedank het.
Hy is opgevolg deur P.B. de Bruyn[3].

Die skoolkommissie was soos volg saamgestel[4]: D.J.H. Flemming (voorsitter), H.L. Graen (sekretaris), H.C.J. Flemming (penningmeester), P.N. Fouché, L.J. Fouché en L.P. Oberholzer.

Die skool is te laat geopen om gedurende 1898 geïnspekteer te word. Op 7 Desember 1899 deel De Bruyn die Departement van Onderwys mee dat hy op 14 Oktober, toe hy gekommandeer is, die skool gesluit het, aangesien hy nie kennis gedra het van die sluiting van die skole nie[5].

h. Welverdiend, wyk 1, Wolmaransstad.

Op 14 Oktober 1898 is 'n skool op Welverdiend geopen met A.H. Klazinga as hoof[6]. Die eerste skoolkommissie het bestaan uit[7]:

---

1. O.R. 13323/1899.
2. O.D.340, 38: Register van dorp- en wykskole 1895 - 1899.
3. O.D. 205, O.R. 16578.
4. O.D. 340, 38: Register van dorp- en wykskole 1895 - 1899.
5. O.D. 114/3, O.R. 18082/1899.
6. O.D. 340, 39: Register van dorp- en wykskole 1895 - 1899.
7. Idem.

R.J. Jansen van Vuuren (voorsitter), A.H. Klazinga (sekretaris), N.W. Koekemoer (penningmeester), B.J. Botha en G. Jansen van Vuuren.

Die onderwyser het dadelik verlof gevra van die Departement om ook gedurende die vakansie skool te hou[1]. Die Departement het die aansoek gunstig oorweeg, en verlof is verleen om gedurende die vakansie skool te hou, behalwe op 16 en 25 Desember en 1 Januarie[2].

Voordat die skool erken kon word, moes 'n geskikte lokaal gevind word. Die Kommissie het onderneem om die skool self te bou maar kon blykbaar vir 'n geruime tyd nie daarin slaag om die Departement te bevredig ten opsigte van die doeltreffendheid van die lokaal nie[3].

'n Bedrag van £200 is deur die Kommissie aangevra vir die oprigting van 'n onderwyserswoning[4]. Nadat die gebou opgerig en gewaardeer is, het die Departement 'n bedrag van £174.5.6. uitbetaal. Die bedrag was £10.16.0 hoër as die waardasie. Na langdurige korrespondensie[5] is vergunning toegestaan dat hierdie bedrag in die skoolkas gestort mag word.

Die skool is gedurende 1898 nie geïnspekteer nie, omdat dit opgerig is nadat inspekteur Te Boekhorst sy inspeksies vir die jaar reeds afgehandel het. Daar was in 1899 geen plaaslike inspeksies nie, maar volgens verslae wat opgestuur is, het die skool finaal gesluit gedurende Mei 1900.

---

1. O.D. 88/3, O.R. 18035/1898.
2. O.D. 88/3, O.R. 18035/1898.
3. O.D. 88/3, O.R. 864 en O.R. 5950.
4. O.D. 88/3, O.R. 15683/1898.
5. O.D. 88/3, O.R. 17564; O.R. 2070.

i. Strydpoort, wyk Makwassiespruit.

Die openingsdatum van die skool op Strydpoort is 5 Januarie 1899, met die heer J.W. Gehle as hoof[1), **vanaf** 1 Julie 1899 bygestaan deur S.J.P. le Roux as kwekeling[2). Die lede van die eerste skoolkommissie was:

D. van der Berg (voorsitter), C. le Roux (sekretaris), P. de Villiers en N. van Rensburg.

Geen inspeksie is by die skool uitgevoer nie. Op 30 September 1899 stel die hoof die Departement in kennis dat die skool gesluit word, omdat die kinders wie se ouers gekommandeer is, op die plase hulp moes verleen. Die rede vir die sluiting noem hy "force majeure"[3). Die skool is egter aan die begin van 1900 heropen, en verslae is opgestuur tot Mei[4).

j. Leeuwfontein, wyk Makwassiespruit.

Die skool te Leeuwfontein het doodgeloop aan die einde van 1891 met die vertrek van die heer Grevelink. Gedurende 1897 was dit egter aan die gang onder A. Parker as hoof. Maar dit moet op een of ander tyd weer gesluit het, want op 18 Januarie 1899 is dit heropen met H.J. van der Walt as hoof, wat in die loop van die jaar deur die dames Elizabeth Basson en J. van Wyk bygestaan is[5).

Die lede van die skoolkommissie was[6):

J.H. van Wyk (voorsitter), J.N. du Plessis (sekretaris en penningmeester), S.G. Steyn, J.G. Uys, J.J. van Wyk en C.J. du Plooy.

---

1. O.D. 340, 40: Register van dorp- en wykskole 1895 - 1899.
2. O.D. 207, O.R. 10307/1899.
3. O.D. 113/2, O.R. 16582/1899.
4. O.D. 209, O.R. 710/1900.
5. O.D. 340, 42: Register van dorp- en wykskole 1895 - 1899.
6. Idem.

Die skool het met die uitbreek van die oorlog waarskynlik amptelik gesluit, maar mej. Basson het die werk voortgesit. Verslae tot Mei 1899 is voorhande[1].

k. Kareeboschkuil, wyk 2, Vaalrivier.

Uiters min gegewens kon oor hierdie skooltjie gevind word. Blykens argiefstukke is die skool op 28 Julie 1899 geopen met D. Anspach as hoof[2]. Met die uitbreek van die oorlog was dit dus nog maar slegs 'n paar maande aan die gang. Die skoolkommissie het bestaan uit[3]:

N.H.J. van Rensburg (voorsitter), P.J.van Rensburg (sekretaris) en L.P.J. van Rensburg (penningmeester).

5. Inspeksies gedurende 1897-1899.

a. Inspeksies deur inspekteur H. Moora gedurende 1897.

Volgens die jaarverslag van die Superintendent is die volgende skole gedurende 1897 deur inspekteur Moora geïnspekteer:-

Klipfontein: 17 Maart. Van die 18 leerlinge verdeel in twee klasse kon nie een oorgeplaas word nie.

Hoof: F.J. Joubert sedert Februarie 1897. Dit is die onderwyser se eerste ervaring. Hy moet hom beter voorberei vir sy werk[4]. Tydens 'n inspeksie op 25 Augustus was daar nog nie veel verbetering nie en kon die onderwyser nog nie 'n Bybelles gee sonder 'n boek in sy hand nie.

1. O.D. 209, O.R. 143.
2. O.D. 340, 41: Register van dorp- en wykskole 1895 - 1899.
3. Idem.
4. Verslag van schoolinspectiën gehouden gedurende het eerste kwartaal 1897,43; kyk ook O.D. 34/2, O.R. 5778/1896.

Die inspekteur se mening was dat so 'n les uit die hoof gegee behoort te word. Die lokaal, meubels en leermiddels was nog steeds swak[1].

Witpoort: 18 Maart 1897. Van die 32 leerlinge het die inspekteur 22 oorgeplaas.
Hoof: D.J. Rossouw en S.J. Rossouw Kwekeling.
Hy was oor die algemeen baie in sy skik met die gehalte van die werk wat gedoen is, en het dan ook die hoof aanbeveel ooreenkomstig Wet No.8 van 1892 vir n verdienstelikheidshonorarium van £25[2].

Wolmaransstad: 19 en 20 Maart 1897. Van die 49 leerlinge teenwoordig het 15 gratis onderrig ontvang.
Hoof: H.A.W. Hesse en assistente mej. M.D. van Rijneveldt.
Die inspekteur het 22 leerling oorgeplaas. Die skool het oor twee klaskamers beskik, waarvan die een besonder goed was. Die onderwys is deurgaans goed beheer deur die hoof en sy assistente. Die hoof is ooreenkomstig Wet No.8 van 1892 aanbeveel vir 'n verdienstelikheidshonorarium van £20[3].

Rondevallei: 7 April 1897. 16 Leerlinge was teenwoordig, verdeel in 4 klasse.
Hoof: J.H. Viljoen sedert Januarie 1897.
Die lokaal was redelik goed, maar die leermiddels was swak. Die inspekteur kon

1. Verslag van schoolinspectiën gehouden gedurende het derde kwartaal 1897, 128 - 129.
2. Ibid., eerste kwartaal 1897, 43-44.
3. Ibid., eerste kwartaal 1897, 46-48.

rapporteer dat die onderwyser redelik goed verhaal, duideliker en stadiger praat as voorheen. Die kommissie is aangemaan oor die toestand van die gebou en meubels[1].

Leeuwfontein: 15 Junie 1897. Daar was 17 leerlinge op skool, verdeel in 4 klasse.

Hoof: A. Parker sedert Mei 1897.

Die administrasie van die skool was nog nie in orde nie, en aan werklike onderwys is daar nie veel gedoen nie. Wenke is aan die onderwyser gegee en die skool is erken tot die volgende inspeksie[2].

Bezuidenhoutskraal: 23 Augustus 1897. Daar was 25 leerlinge teenwoordig, verdeel in 4 klasse.

Hoof: J.H. Viljoen sedert Julie 1897.

Die onderwys het veel te wense oorgelaat, en geen leerlinge kon oorgeplaas word nie. Die onderwyser verhaal swak en lê ook geen nadruk waar dit nodig is nie. In tien minute is die geskiedenis van Izak, Esau en Jacob vertel, wat ŉ bewys is dat die onderwyser hom nie goed voorberei het nie. Die lokaal was geskik en die meubels netjies[3].

Gedurende die derde kwartaal is die skole op Wolmaransstad en Witpoort ŉ tweede keer besoek, nl. op 7 Augustus en 24 Augustus onderskeidelik[4]. Die vordering by hierdie twee skole was goed en was tewens die enigste gevalle waar die personeel nie so dikwels verander het nie, vandaar die mate van bestendigheid wat aangetref is.

---

1. Verslag van schoolinspectiën gehouden gedurende het tweede kwartaal 1897, 81.
2. Ibid., tweede kwartaal 1897, 105.
3. Ibid., derde kwartaal 1897, 127.
4. Ibid., derde kwartaal 1897, 112 en 127-128.

b. Inspeksies deur J.K.M. te Boekhorst, 1898 - 1899[1]:

Volgens die jaarverslag van die Superintendent het inspekteur Te Boekhorst die volgende besonderhede verstrek[2]:

| Dorpskole | Wykskole | Staatskole |
|---|---|---|
| Wolmaransstad | Witpoort<br>Klipfontein | 0 |

Die volgende wykskole is opgerig gedurende 1898:

1. Wolvenkop
2. Vliegenkraal
3. Zendelingsfontein
4. Leeuwbosch
5. Welverdiend
6. Strydpoort

Die volgende skole het gesluit gedurende 1898:

1. Bezuidenhoutskraal
2. Vliegenkraal

| | Skole opgerig. | | Skole gesluit. | | Toename. | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Dorp | Wyk. | Dorp | Wyk | Dorp | Wyk. |
| Potchefstroom | 0 | 20 | 0 | 16 | 0 | 4 |
| Bloemhof | 1 | 10 | 0 | 5 | 1 | 5 |
| Wolmaransstad | 0 | 6 | 0 | 2 | 0 | 4 |

Vaste skole geïnspekteer:

Wolmaransstadse wykskole 2 maal.
Wolmaransstadse dorpskole 2 maal.

Opgerigte skole geïnspekteer[3]:

Wolmaransstad: 2 maal behalwe 2 en 4 - 1 maal.
5 en 6 - 0 maal.

Gesluite skole geïnspekteer:

Wolmaransstad: 2 maal behalwe 2 - 1 maal.

---

1. Die verslae oor inspeksie loop ten einde in 1898. Geen verslae oor 1899 is in die Staatsargief te vinde nie. Die uitbreek van die oorlog op 11 Okt. 1899 het ten gevolg gehad dat die hele onderwysstelsel gedesorganiseer is.
2. Jaarverslag van die Superintendent van Onderwys 1898, 107-118.
3. Welverdiend en Strydpoort is nie geïnspekteer nie, omdat die twee skole opgerig is nadat die inspekteur sy jaarlikse inspeksie reeds voltooi het.

6. Statistiek.

a. Alfabetiese lys van onderwysers wat in die Wolmaransstadse distrik werksaam was as voorwaardelik erkende onderwysers en kwekelinge aan die gesubsidieerde dorp- en wykskole.

| Onderwyser. | Skool. | Onderwyskwalifikasies. |
|---|---|---|
| Diensjaar 1895[1] | | |
| Bender F.H.J. | Doornpan | - |
| Bosman E.C. | Witpoort | M.,K.K. |
| Bosman L.D.C. | Witpoort | S.E.,K.K. |
| Hesse H.A.W. | Wolmaransstad | - |
| Pienaar M.C.(v) | Witpoort | - |
| Theunissen W.H. | Wolmaransstad | E.T.;K.K.;M.,K.K. |
| Uys J.N. | Wolmaransstad | - |
| Viljoen J.H. | Wolvenspruit | - |
| Diensjaar 1896[2] | | |
| Bender F.H.J. | Vaalbank | - |
| Hesse H.A.W. | Wolmaransstad | 2de Klas. |
| Hesse Mev. | Wolmaransstad | - |
| Rossouw D.J. | Witpoort | - |
| Rossouw S.(v) | Witpoort | - |
| Ryneveld M.D.(v) | Wolmaransstad | S.W.,S.E.,K.K. |
| Uys J.N. | Wolmaransstad. | - |
| Viljoen J.H. | Rondevallei | - |
| Diensjaar 1897[3] | | |
| Bender F.H.J. | Palmietfontein(B) | - |
| de Beer M.C.E.(v) | Wolmaransstad | 3de Klas. |
| de Beer P.K.Zn. | Zendelingsfontein | - |
| Geyer S.(v) | Wolmaransstad | - |
| Hesse H.A.W. | Wolmaransstad | 2de Klas. |
| Joubert F. | Klipfontein | - |
| Rossouw D.J. | Witpoort | - |
| Rossouw S.(k) | Bezuidenhoutskraal | - |
| Viljoen J.H. | Witpoort | - |
| Diensjaar 1898[4] | | |
| Bender F.H.J. | Vliegenkraal | - |
| de Boer P.K.Zn. | Zendelingsfontein | - |
| Bornman J.B.(k) | Wolmaransstad. | - |
| de Bruyn P.B. | Leeuwbosch | - |
| Gehle Jr.,J.W. | Strydpoort | 3de Kl.;H.B.S.,N. |
| Graen H.L. | Leeuwbosch | - |
| Hesse H.A.W. | Wolmaransstad | 2de Klas. |
| Joubert F. | Klipfontein | - |
| Klazinga A.H. | Welverdiend | O.,N. |
| Parker H. | Wolvenkop | - |
| Rossouw D.J. | Witpoort | - |
| Rossouw S.(v) | Witpoort | - |
| Viljoen J.H. | Bezuidenhoutskraal | - |

1. Verslag van den Superintendent van Onderwys betreffende het gesubsidiëerde onderwys in de Z.A. Republiek 1895, 38-59.
2. Ibid., 1896, 27-41.
3. Ibid., 1897, 55-79.
4. Ibid., 1898, 46-70.

Refereer na bylae D. vir verklaring van simbole.

b. Tabel aantonende die aantal skole en die jare of gedeeltes van jare wat hulle bestaan het oor die tydperk 1888 - 1899[1].

| Skool. | Jaartal. | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 89 | 90 | 91 | 92 | 93 | 94 | 95 | 96 | 97 | 98 | 99 |
| Bezuidenhoutskraal | | x | | | | | | | x | x | x |
| Carreepoort | | | | | x | x | | | | | |
| Doornbult | | | | | | | x | | | | |
| Doornpan | | | | | | | x | x | | | |
| Kameelbult | | | | | | | | x | | | |
| Kareeboschkuil | | | | | | | | | | | x |
| Karreefontein | x | x | | | | | | | | | |
| Klipfontein | | | | | | | | | x | x | x |
| Klipkuil | | | | | | x | x | | | | |
| Leeuwbosch | | | | | | | | | | x | x |
| Leeuwfontein | x | x | x | | | | | | x | | x |
| Oersonskraal | | x | | | x | x | | | | | |
| Rondevallei | | | | | | | | | x | | |
| Strydpoort | | | | | | | | | | | x |
| Uitkyk | | x | x | x | x | x | | | | | |
| Vaalbank | | | | | | | | x | x | | |
| Vliegenkraal | | | | | | | | | | x | x |
| Welverdiend | | | | | | | | | | x | x |
| Witpoort | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x |
| Wolmaransstad | | | | | | x | x | x | x | x | x |
| Wolvenkop | | | | | | | | | | x | x |
| Wolvenspruit | | | | | | | x | x | | | |
| Zendelingsfontein | | | | | | | | | x | x | x |

1. Gegewens verkry uit: O.D.-bande: 1-116, minutes; 119-129, skoolverslae; 130-139, kwartaalstate; 140-142, inspeksierapporte; 219-289, brieweboeke; 320, Register van onderwysers; 340, Register van dorp- en wykskole.
Jaarverslae van die Superintendent van Onderwys 1883-1898.

7. Samevatting.

a. Toename in die aantal skole, 1892-1899.

Die onderwys in Wolmaransstad het vinnig uitgebrei. Waar daar aan die einde van 1891 slegs twee skole bestaan het, is gedurende die volgende vyf jaar agt nuwe skole geopen en oor die laaste drie jaar is ŉ verdere elf toegevoeg om die totaal op 19 te staan te bring. Hoewel sommige van die skole met die loop van tyd weens ŉ tekort aan onderwysers, knellende droogtes en die runderpes moes sluit, tog het daar ŉ mate van bestendigheid ingetree, veral gedurende die laaste helfte van die negentiger jare. Die vermeerdering in skole moet toegeskryf word aan die groter plaaslike verantwoordelikheid wat aan skoolkommissies toevertrou is, sowel as aan die deegliker stelsel van beheer wat deur die Superintendent van Onderwys en sy personeel toegepas is.

b. Verhoging van die peil van die onderwys.

(1) Verbeterde inspeksiestelsel.

Met die verbeterde inspeksiestelsel onder Mansvelt het die peil van die onderwys aansienlik gestyg. Reeds vanaf 1893 kon meer skole en ook meer dikwels deur inspekteurs besoek word. Die deeglike werk wat agtereenvolgens deur inspekteurs F.P.Crotz, H.Moora en J.K.M. te Boekhorst in hierdie kring verrig is, het die onderwys plaaslik ten goede gekom. As bekwame en ervare onderwysmanne kon hulle deur gereelde inspeksies op tekortkomings wys, verkeerde metodes uitskakel en deur advies aan die onderwysers die regte pad aanwys.

Die indeling van die leerlinge deur die inspekteur in vier groepe, nl. "1. goed; 2. vrij goed; 3. zwak; 4. slecht", het die onderwysers aangespoor om goeie werk te lewer. Oor die algemeen was die werk van onderwysers in die Wolmaransstadse distrik op enkele uitsonderings ná dan ook goed.

(2) Die onderwysers.

Die tabelle op bladsy 63 toon die aantal onderwysers wat in hierdie distrik werksaam was, met die skole waarin hulle gewerk het en hulle kwalifikasies. Tot aan die einde van 1894 was al die leerkragte in die distrik nog ongekwalifiseerd. Gedurende 1895 was daar 8 onderwysers in diens, nl. die twee Bosmans en Theunissen, (van wie drie gekwalifiseerd was,) terwyl die aantal gekwalifiseerdes in die diensjaar 1896 slegs twee was, aangesien Theunissen aan die einde van 1895 oorlede is, die Bosmans die distrik verlaat het en Hesse die 2de klas-onderwysersertifikaat verwerf het. Gedurende die diensjaar 1897 het die aantal leerkragte nege getel, van wie slegs mej.De Beer en Hesse gekwalifiseerd was. Die diensjaar 1898 is afgesluit met 13 onderwysers, van wie naas Hesse ook die here Gehle en Klazinga die nodige kwalifikasies besit het.

Volgens inspekteur Te Boekhorst was daar nog te min onderwysers om aan die behoeftes van die distrik te voldoen. Die bestaande tekort het ten gevolg dat skoolkommissies onderwysers wat nie geskik is om die werk behoorlik te doen nie vir poste aanbeveel. Hy praat egter met groot lof van die onderwysers uit Holland en seuns van ons eie land wat op Pretoria opgelei is.

Geleidelik het die kwalifikasies van onderwysers egter verbeter, deurdat inspekteurs hulle verplig het om hulle te bekwaam en die geleentheid geskep is om op Wolmaransstad by die heer Hesse les te neem. Die Superintendent van Onderwys was ook nie bereid om subsidie aan 'n skool goed te keur tensy 'n sertifikaat van bevoegdheid en bewys van lidmaatskap van 'n Protestantse Kerk deur die betrokke onderwyser voorgelê kon word nie.

(3) Geboue en uitrusting.

ŉ Gebrek aan doeltreffende lokale om in skool te hou is aanvanklik deur die meeste skoolkommissies as een van die vernaamste struikelblokke ondervind. Die posisie het egter geleidelik verbeter vandat die Departement die nodige geld kon verskaf om geboue deur die kommissies te laat oprig. Wat die meubels en ander uitrusting betref, het daar ook groot verbetering ingetree gedurende hierdie tydperk. Skole is in staat gestel om banke, skryfborde en boeke te bestel, waardeur die onderwys met meer gerief onderneem kon word.

Die organisasie van die onderwys in die Z.A.R. was teen 1899 doeltreffend en die gees daarvan was in harmonie met die van sy inwoners. Die stelsel so pragtig deur Mansvelt opgebou, kon dus nie anders as om goeie vrugte af te werp nie. Ongelukkig moes die onderwys nou in sy geheel tot stilstand gebring word weens die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog.

------oooOooo------